

Dinsdag 27 September

Skrifgedeelte: Matteus 25:31-46 (AFR83)

Fokusgedeelte: Matteus 25:31-46

Rol jou moue op om die Here as uitverkorene te dien

Jesus skets hier 'n ontsettende toneel. Hy, die Koning, kom uit die hemel op die oordeelsdag. Hy sit op 'n koninklike troon terwyl die engele al die volke oor die hele wêreldgeskiedenis bymekaarmaak en voor Hom bring. Dan skei Hy mense dwarsdeur volke heen. Die uitverkorenes is ook almal daar. Vir hulle sê Hy: Kom hier by My, julle is vir altyd in my teenwoordigheid, julle is deur die Vader geseën. Die Koninkryk, my Koninkryk is van die begin van die skepping vir julle voorberei. Julle kan dit nou as erfenis in besit neem. Wonderlik!

En ons is ook onder hulle, want die Here was ons ook genadig. Hoe kom dit dan dat ons saam met die jubelende skare afgeskei word van die ander en duidelik uitgeken word as God se kinders? Hier staan 'n eienaardige "want". "... want Ek was honger en julle het my iets gegee om te eet, en dors, en 'n vreemdeling, sonder klere en siek, en julle het aan My liefde bewys." Is dit nie nou skielik dat ons verdien het om in sy koninkryk in te gaan en al die skatte van die koninkryk in besit te neem?

Nee, want Jesus vertel ook hoe verbaas die mense was wat Hy vir ewig by Hom sal neem. Hulle vra: Wanneer het ons U honger gesien en kos gegee? Hulle is geseëndes. Van ewigheid af is die Koninkryk vir hulle voorberei. Hulle kon dit nie nou verdien nie. Wat bedoel Jesus dan hiermee? Hy sê: Vir sover julle dit aan die geringste gedoen het, het julle dit aan My gedoen. Julle het dit reggekry om te wys dat God julle uitverkies het. Julle het julle uitverkiesing geopenbaar deur die liefdesgebod na te kom. Julle is gered uit genade en so het julle in die teenwoordigheid en in die kragveld van Jesus gekom en met die krag van die Heilige Gees het julle die liefde van Jesus vir julle, aan ander deurgegee.

Kom ons hou uit dankbaarheid hiermee vol. Kom ons rol ons moue op om Jesus te gaan dien as uitverkorenes deur alles wat ons doen vir die Here te doen.

Sing: Psalm 31-1:1, 5

Ds. FJ Potgieter (Fritz) (Bloemfontein-Suid)